*"Lig uit Lig,*
*tot lig vir die nasies"*
*(NICEA 1 700)*

**Sondag, 7 Desember 2025**
**2e Advent**

**Wag, kyk... Daar ís 'n weg vorentoe – dit is dié Heilige Weg wat vir ons gegee is!**

*"Laat die woestyn en die dor land hulle verheug, laat die Araba juig en blom soos 'n tulp. Laat dit welig blom en juig, ja, met 'n gejuig en 'n gejubel. ... Hulle sal die heerlikheid van die Here, en die glansrykheid van ons God, sien. ...*
*Maak die slap hande sterk, versterk die wankelende knieë.*
*Sê vir dié wat angstig is: 'Hou moed, moenie bang wees nie! Kyk, hier is julle God...'*
*Daar sal 'n gebaande weg, 'n pad wees; die heilige pad sal dit genoem word.*
*Onreines sal nie daarop verbygaan nie, maar dit sal vir dié wees wat op die pad hou. ...*
*dié wat deur die Here vrygekoop is, sal terugkeer, hulle sal in Sion aankom met jubelkrete – met ewige vreugde sal hulle gekroon wees."*
(Jesaja 35:1-4, 8, 10)

Advent is die vier weke van "wag", waarmee die jaar hier by ons uitloop, almal moeg en met die uitsien na 'n ruskans... én, in die stilte, 'n dieper dink oor ons eie pad – waarvandaan, waarlangs was dit vanjaar, hoe en met wie almal, die oop plekke, hoe verder en waarheen? Waarvandaan sal daar vir ons uitkoms kom, uit wat vir baie van ons 'n swaar jaar was, 'n geknelde jaar, uit die nood van ons tyd?

In die ou profeteboek Jesaja uit die 8ste en 7e eeue voor Christus, het hierdie vrae – en sugte – ook opgeklink, 'n donker tyd, so is dit beleef: *"... hulle wat in 'n stikdonker land woon; oor hulle het 'n lig geskyn"* (Jesaja 9:1). En gebruik die profeet 'n beeld bekend destyds deur die heuwellandskap van Palestina (ja, die "Babiloniese" / "Persiese" / "Griekse" / "Romeinse provinsie"; daar was soveel onderdrukkers), dié van 'n pad wat sal oopgaan voor almal wat verlang na God, na vryheid en heelheid, na die koninkryk van God. En die beloftes dat daar 'n "Dag" gaan kom, lig en helder, en "Een" wat die weg gaan wys, deur eeue heen verwag. Een wat uiteindelik sou sê: "Ek is die Weg, die waarheid en die lewe." 'n Pad, nie na 'n plek toe nie, maar na Iemand toe (Johannes 14:6). En van Hom, deur al my alledaagse kronkels en draaie en opdraendes. Verlede Sondag, uit Jesaja 2, het ons verneem dat dit 'n pad sal wees na die berg van die Here; dat God sélf ons dié weg sal wys en ons daarop van vrede sal leer (Jes. 2:3 en Matteus 5:9).

Ons nooi jou om vanoggend (Jes. 35), en die volgende twee Adventsondae (Jes. 59 en 62), dié weg te bekyk, saam te oorweeg, te wonder of dít nie dalk ook vir jou die weg na 2026 en Anderkant aanwys nie, en om dan, jou voete daarop te waag...

**JL.**

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Welkom aan alle besoekers, en veral ook families en vriende wat begin byeenkom vir die vakansietyd. Welkom ook aan almal wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.

**Hierdie is die laaste FOKUS vir 2025 – ons gee alle inligting hiermee aan u deur.**

## LITURGIE

**Verwelkoming**

**Wydingslied:** "O kom, o kom, Immanuel" (Lied 320:1, 2 en 3)

**Aansteek van die 2e Adventskers**

**Votum** (uit Jesaja 40)

**Seëngroet**

**Loflied:** "Lofsing die Heer!" (Lied 201:1, 2 en 3)

**Oproep tot verootmoediging...**

**Gebedslied:** "Salig is hulle wat so handel" (Psalm 119:1 en 18)

**Uitnodiging in Gods genade in...**

**Geloofsbelydenis:** Nicea (staande)

**Gebedslied:** "Net soos 'n lamp wat my die weg wys..." (Psalm 119:19)

**Gebed**

**Skriflesing:** Jesaja 35:1-10

**Verkondiging**

**Danklied:** "Jesus, U gaan voor" (Lied 505:1 en 4)

**Offergawe van liefde en dank**

**Uitnodiging en uitsending**

**Slotlied:** "Ek kniel ook voor u voete, Heer" (Lied 346:1 en 3)

**Seënbede, Amen en Orrelnaspel**

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 14 Des. | 09:30 – Ds Jan Lubbe: 3e Advent – Jesaja 59 |
| Dinsdag, 16 Des. | **09:00** – Ds Janke Hurter (Versoeningsdiens) |
| Sondag, 21 Des. | 09:30 – Ds Jan Lubbe: 4e Advent – Jesaja 62) |
| Sondag, 25 Des. | **09:00** – Ds Johan Marais (Kersdag: welkom aan almal, oud en jonk!) |
| Sondag, 28 Des. | 09:30 – Ds Johan Marais |
| Woensdag, 31 Des. | **18:00** – Ds Janke Hurter (Oujaarsdiens) |
| Sondag, 04 Jan. | 09:30 – Ds Janke Hurter (Epifanie) |
| Sondag, 11 Jan. | 09:30 – Ds Johan Marais |
| Sondag, 18 Jan. | 09:30 – Ds Jan Lubbe – eerste gesamentlike erediens vir 2026. |

Vir diegene wat met vakansie gaan: Reis veilig, rus goed, ons sien graag weer!

**MEELEWING EN VOORBIDDING**

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende weke verjaar:

07 Des. Enid Botha, Derik Hechter en Cornelia Nel.
08 Des. Hendrik Fourie, Juliet Kruger, Denzel Lombard, Erna Markram, Flippie Pretorius.
09 Des. Joanie Prinsloo en Hendrik van Pletzen.
10 Des. Reas Botes, DJ Bredenkamp, Esré Claasen, Sonika Collins en Hanno Joubert.
11 Des. Martina de Lange, Amelie Louw en Jannie Schutte.
12 Des. Karen Klindt.
13 Des. Carmi Terblanche.
14 Des. Henry Johnson en Mariëtte Pretorius.
15 Des. Kobus Coetzee, Hannelize de Wet en Jacques Potgieter.
16 Des. Johan Prinsloo en Jaco Smith.
17 Des. Christine Horak, Aletia König en Jano Nel.
18 Des. Lizeth Kruger, Nico Schempers en Ettienne van Wyk.
19 Des. Marie Dippenaar, Zeneta van Rooyen en Linka Viviers.
20 Des. Faan du Toit, Carla Greyling en Sue Oosthuysen.
21 Des. Helene Engelbrecht, Joos Hefer, Hanno Rossouw en Marlian Schutte.
22 Des. Verena Albertse en Lukas Fourie.
24 Des. RW Adendorff en Devon van den Nieuwenhof.
25 Des. Louis Kruger en Alta Mulder.
26 Des. Renico du Plessis, Dian Strauss en Michelle van Zyl.
27 Des. Neels Jacobs, Jean Johnson, (ds) Johan Marais en William Murray.
28 Des. Mornay Pretorius.
29 Des. Mariette Bothma en Daniël Pretorius.
30 Des. Michelle Marais.
31 Des. Heath Marais, Alphonso Pietersen en Jan van der Merwe
01 Jan. Retha Connoway, Hanré de Wet, Lenie Fourie, Sophia Jordaan, Jeanine van Zyl en Miemie Wessels.
02 Jan. Marlene Herbst en Esmé Schreuder.
03 Jan. JC de Jonge, MJ Geldenhuys, Cayla Grobler (du Plessis) en Chané Potgieter.
04 Jan. Lohan Albertse, Deonette Jacobs, Liezl Koekemoer, Lehanco Pool (Malan), SK van Heerden, Eunice Pretorius en Gerhard Wolmarans
05 Jan. Gizelle du Plooy, Louis Jordaan, Pieter Oosthuizen, Lynn Potgieter, Victor Reitz.
06 Jan. Paul Bornman, Kaylie & Teagan Carstens, Pieter en Philip le Roux, Tony O'Reilly, Liam Pretroius, Jan-Albert v/d Berg en Amanda Windt.
07 Jan. Henry Büchner, Heidi & Muller Esterhuyse, Elizabeth Joubert, Leonie Kühn en Gerdus Norval.
08 Jan. Johan Bothma, Lieb Swiegers en Yani Viljoen.
09 Jan. Martie Bloem, Hanro van Rooyen en Ané van Wyk.
10 Jan. Johan Botha, Isa-Lé Pickard en Abiha Visser.

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Linette Peltzer (Camelot 8, wyk 16); Nico en Rachelle Wilson (Albrechtstr. 122, wyk 7a); Tannie Marianne Janse van Rensburg (Oliewenlaan 21, wyk 17); Thea Botha (Santé aftreeoord 104, wyk 18); Oom Jan van Rooyen (Serenitas 69, wyk 15); Tannie Choppie Ferreira (Morganstr. 28, wyk 6); Vilca Rawlins (Sewe Damme 77, wyk 8b); Hercules Pretorius (Noorderbloem) en Izak Herbert (Sedanstr. 4, wyk 19a). Ons dink ook aan almal wat op een of ander wyse 'n sieke of verswakte familielid moet ondersteun.

Ons innige meegevoel aan die familie van Kleintjie van der Walt (Bewarea) met haar afsterwe – haar gedenkdiens was Vrydagoggend hier in Berg-en-Dal.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**
Bybelstudies en kleingroepbyeenkomste open in die week van 28 en 29 Januarie 2026.

**Ons Kategese vir 2026 open op Sondag, 18 Januarie.**
**Indien jy volgende jaar as kategeet wil help, kontak die leraars of kerkkantoor.**

## KERKRAADSAKE

**Verlofreëlings:**

| | |
|---|---|
| Ds. Johan Marais | 7 tot 23 Desember en 2 tot 9 Januarie 2026 |
| Ds. Jan Lubbe | 22 Desember tot 11 Januarie 2026 |
| Ds. Janke Hurter | |

**In geval van nood, lief en leed gedurende die vakansietyd** – kontak die leraar aan diens vir enige pastorale hulp (ds. Jan tot 22/12; ds. Johan Kersdag tot Nuwejaarsdag; en ds. Janke van 3 tot 11 Januarie 2026). Hul selnommers is op die Almanak.

| | |
|---|---|
| Denise Louw (skriba) | 15 Desember tot 4 Januarie 2026 |
| Marthina van Zyl (kassier) | 12 Desember tot 4 Januarie 2026 |
| Pieter Wilken (koster) | 12 Desember tot 4 Janurie 2026 |

**Die Kerkkantoor sluit op Vrydag, 12 Desember en heropen op Maandag, 5 Januarie.**
Daar sal wel elke Sondag vir 15 minute ná die oggenddiens kans wees vir vinnige navrae.

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:** In Desember en Januarie sorg **Barmhartigheid** en vrywilligers vir ons gasvryheid Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. Indien jy graag hiermee wil help – veral in die vakansietyd – kontak die Kerkkantoor (073 180 3193). Baie dankie aan almal wat deur 2025 hiermee 'n hand bygesit het; ons en almal wat daarvan geniet het, waardeer dit opreg!

## BEDIENINGE

**GEMEENTEBEDIENING:**
Kom koop 'n Kersgeskenkboek by ons CLF-boekwinkel in die kantoor!

**GETUIENISBEDIENING:**
Ons laaste Gemeentemark het R 4 604 opgelewer. Dankie vir alle skenkings aan Tswellang en Siësta! As jy kan help met die Kersete by Torings van Hoop – kontak die Kerkkantoor!

**EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE**

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 7 Desember: **Torings van Hoop.**
U kan ook 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal betaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**